




Met dank aan almal wat 'n bydrae gelewer het tot die nuusbrief. Sonder julle samewerking sou dit nie moontlik wees om hierdie nuusbrief uit te gee nie.

Karen Grobler 082 597 8550
André Kritzinger 084 613 2462




# Suidkerk

## Nuusbrief 2015/4

## Pitkos



Wat beteken Kersfees vandag vir jou?

Is Kersfees vir jou 'n kosbare werklikheid van die grootste geskenk ooit? Geskenk, gegee, verniet, onverdiend – sonder dat ek of jy daarvoor gevra het. 'n Kosbare lewegewende, lewensveranderende geskenk?

Soos met enige geskenk moet dit geneem, gevat, aanvaar, joune gemaak, eienaarskap geneem word, as't ware "gebruik" word, voordat dit werklik die betekenis van 'n geskenk kan kry. So is dit ook met die "Jesus-Geskenk". Lees gerus Johannes 3:16 – 19.

Soveel geskenke lê in ons huise se kaste, of op rakke weggebêre, eenkant weggesit om dalk eendag te gebruik, om uitgehaal te word as daardie spesiale gaste kom, of die hartseer realiteit; om weer eendag vir iemand anders as geskenk gegee te word, omdat dit wat jy ontvang het, nie regtig dit is wat jy wou gehad het nie.

Is dit hoe jy met jou "Jesus-Geskenk" maak? Kersfees gedenk ons die geboorte van Jesus. Jesus wie se koms na die wêreld alles kom verander het en tog het alles nie verander nie. Jesus wat in die stal gebore is, omdat die wêreld nie vir Hom 'n beter plek gehad het nie. Die hartseer voortsetting van die Kersverhaal is dat Jesus vandag steeds in baie mense se lewens gebore word, maar hulle leef so vir die wêreld, dat hul ook niks meer as net

## Ek is ...

Die Ek is ... uitsprake is 'n besondere sewetal uit die Johannes evangelie. Hierdie uitsprake kom sewe keer uit Jesus se mond. Daarmee bevestig Hy sy identiteit as die Seun van God:



1. "Ek is die brood wat lewe gee." (6:35)

2. "Ek is die lig vir die wêreld." (8:12)

3. "Ek is die ingang vir die skape." (10:7)

4. " Ek is die goeie herder." (10:11)

5. "Ek is die opstanding en die lewe." (11:250

6. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." (14:6)

7. "Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer." (15:3)

**Unfolding a Rose**, unknown author



It is only a tiny rosebud,
A flower of God's design;
But I cannot unfold the petals
With these clumsy hands of
mine.

The secret of unfolding flowers
Is not known to such as I.
God opens this flower so sweetly,
When in my hands they die.

If I cannot unfold a rosebud,
This flower of God's design,
Then how can I have the wisdom
To unfold this life of mine?

So I'll trust in Him for leading
each moment of my day.
I will look to him for His guidance
each step of the pilgrim way.

The pathway that lies before me,
Only my Heavenly Father knows.
I'll trust Him to unfold the moments,
Just as He unfolds the rose.

die stal van hul lewens vir Jesus afstaan nie.



Die wêreld vier op 25 Desember Kersfees, almal; gelowiges en ongelowiges word hierdeur, selfs deur kommersialisering, daarvan bewus gemaak dat Jesus vir ons as geskenk "gegee" is. Wat 'n kosbare geskenk!

My gebed vir jou in hierdie Kerstyd is dat die woorde van Jesaja 9:5 – 6a elke dag van jou lewe sal rig, nie net 25 Desember nie, omdat die waarheid daarvan, alles in jou lewe verander het. **"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring."**

Hierdie "geskenk" is ook vir jou gegee, moet dit nie op 'n rak bêre of in die stal van jou lewe wegsteek en eendag uitvind, jy het die ware sin van die lewe gemis nie. Jesus is lief vir jou. Hy het ook vir jou aarde toe gekom.

Deel hierdie "geskenk" vrylik met ander, dit is die grootste geskenk wat jy ooit kan gee! Mag die vrede en vreugde van Kersfees; Jesus Christus, jou lewe beheer. Mag jy in hierdie Kerstyd opnuut besef hoe wyd, ver, hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag jy Sy liefde ken, liefde wat jou verstand te bowe gaan en mag jy opnuut vervul word met die volheid van God. Vrede vir jou!




## Gebed in ons gemeente

Sommige mense noem gebed die DNS van 'n gemeente of die geestelike asemhaling.

Die teoloog A A van Ruler skryf: "Ons moet bid om die wêreld aan God op te dra. Wanneer ons vir die wêreld bid, erken ons eintlik, en is ons diep daarvan bewus dat ons nie die finale verantwoordelikheid vir die wêreld dra, asof ons Atlas is, nie. Ons is wel ingeskakel in God se werk, ons is medearbeiders; ons het wel 'n taak waarvoor ons ten volle verantwoordelik is. Ons is in 'n voortdurende gesprek met God betrokke oor wat in die wêreld aangaan".

Waar kan jy inskakel?




1. Weeklikse saambidgeleentheid Dinsdae 17:15. Navrae: Ds André Kritzinger 084 613 2462
2. Gebedsketting wat volgens 'n rooster vir sake bid. Navrae: Teres Pretorius 082 352 8680 of prettrix@bmail.com
3. Gebedswag wat per SMS dringende versoeke ontvang. Navrae: Ds André Kritzinger 084 613 2462
4. Gebedsondersteuners vir elke dominee. Navrae: Dominees
5. Ons neem gereeld deel aan projekte of gebedstye soos ge-inisieer deur Jerigo mure. Besoek hul gerus by www.jwipn.com

## Leer ken vir:

Tobie de Kock

Ek en Drika is in 1974 getroud, en ons woon al vanaf 1990 in Mosselbaai omgewing. Ons twee kinders, Ilse en Steyn, woon en werk albei in Johannesburg.

Vandat ons getroud is, het my werk ons na verskeie dorpe geneem. Ek het eers gewerk by Metalbox in Epping en gewoon in Parow (Kaap), het werk verander en by De Beers diamant myn in Kleinzee gaan werk. Ek is oorgeplaas na Debswana in Jwaneng Botswana, en daarna oorgeplaas na De Beers Koffiefontein myn.

In Junie 1990 het ek werk verander en by Mossgas hier in Mosselbaai aangesluit. Na n klompie jare is ons IT departement oorgeneem deur Siemens. As Siemens IT Besigheids Konsultant het ek gewerk by PetroSA in Mosselbaai, Kaapse Waterfront, en Parow in die Kaap. Ek het die geleentheid gehad om ook met projekte in Windhoek (Namibia), Doha in Qatar, asook in Pretoria by Dept van Arbeid te werk.

Nou, daar het julle ook nou die rede hoekom ek nie veel tuis was nie, maar na my uittrede 2012, is ek voltyds in Mosselbaai.

Ek is lid van die bestuurskerkraad sedert die begin van hierdie jaar.

## I'm not growing old

(Helen Murray 1.12.1937 age 82)



They say that I am growing old – I've heard them tell it times untold, in language plain and bold - but I'm not growing old. This frail old shell in which I dwell – Is growing old – I know full well - But – I am not the shell.

What if my hair is turning grey? Grey hairs are honourable, they say. What if my eyesight is growing dim? I still can see to follow Him. Who sacrificed His life for me upon the cross of Calvary.

The outward man, do what I can to lengthen out his life's short span – Shell perish and return to dust, as everything in nature must. The inward man, the Scriptures say, is growing stronger everyday. Then – how can I be growing old when safe within my Saviour's fold?

Ere long my soul shall fly away and leave this tenement of clay. This robe of flesh I'll drop and rise so seize the everlasting prize – I'll meet you on the streets of gold and proof that I'm not growing old!

# HALLOWEEN



Einde Oktober vier mense regoor die wêreld halloween, ondermeer met simbole van hekse, monsters, pampoenspoke, bose geeste, vampiere, spoke en die tokkelossie. Wat moet gelowiges hiervan dink?

**Oorsprong en gebruike**
Halloween se wortels lê in die antieke Keltiese godsdiens. Die Kelte was baie bewus van die geestes wêreld en hoe om toegang daartoe te verkry.

Die vernaamste feeste was Beltane aan die begin van somer (begin Meï) en Samhain aan die einde van die somer (begin November).

Die Keltiese priesters, of Druïde, was lede van die paganistiese orde. Hulle rituele het bestaan uit offers van oeste, diere en soms mense om die gode tevrede te stel en die son se terugkeer na die winter te verseker en bose geeste te verdryf.

Vir die Kelte het die bonfire of vreugdevure die son verteenwoordig. Alle huishoudings moes hulle vure uitdoof en slegs die Samhain vure het bly brand dwarsdeur die winter. Huishoudings moes dan betaal om weer hulle vure aan te steek vanaf die vreugdevure. Die praktyke om mense te verbrand is in 1600 verbied en poppe is soms in die plek van mense verbrand.

**Vermenging van gebruike**
Met die koms van die Christendom het 'n vermenging van heidense rituele en Christelike tradisies ontstaan.

Twee Romeinse feeste is 43 nC in Samhain geïnkorporeer.

In die agste eeu het Pous Gregory 111 Samhain gekombineer met die Rooms K.atolieke fees vir alle afgestorwe heiliges 'hallow". Dit is All Hallows' Eve genoem wat in die volksmond vervorm het tot halloween.

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther die Rooms Katolieke kerk uitgedaag oor hulle verwerping van die Bybelse geloofsbeginsels. Vandag staan dit bekend as Hervormingsdag.

**Riglyne vir die Christen**
As gelowiges word ons opgeroep: 'Toets dit alles, behou wat goed is en bly weg van wat sleg is." 1 Tess 2:21 – 22

Die halloween-simbole van hekse, monsters, bose geeste, vampiere, spoke en die tokkelossie verteenwoordig boosheid en pas nie by 'n Christen nie.

"Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel die aan die kaak." Ef 5:11
Halloween is 'n skriknag vir baie kinders, ook in ons land.

Behoort die kerk, die kinders van God, mee te doen aan hierdie kultuur?
"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe." Rom12:2



Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? 2 Kor 6: 14 – 15